


# Droom oor 2026
## Jesaja 49:1-7

Ons gesin het die gebruik om op oujaarsdag of iewers hier in die laaste week van die jaar vir mekaar te vertel wat ons as hoogtepunte en laagtepunte in die afgelope jaar beleef het en dan gewoonlik ook te sê waarna ons uitsien in die volgende jaar, waaroor ons droom en waarvoor ons hoop. Dit is gewoonlik ‘n goeie geleentheid om saam opgewonde te raak oor die nuwe jaar en die nuwe geleenthede en die uitdagings wat op ons almal wag.

Ek wil glo dat elkeen van ons wat vanoggend hier is ook sit met bepaalde verwagtings en drome vir die nuwe jaar. Sommige maak nuwejaarvoornemens en lysies met doelwitte. Nie almal is goed daarmee nie. Iemand sê nuwejaarvoornemens is net gemaak om te breek, maar ek glo die meeste van ons het tog bepaalde verwagtinge en drome vir die nuwe jaar (uitgesproke of onuitgesproke) – drome vir jouself en natuurlik ook vir jou geliefdes, vir jou ouer wordende ouers, vir jou kinders ens.

Ek dink ons het dit ook vir ons land en ons mense, ek dink ons almal hoop vir oplossings, vir ekonomiese groei in ons land, vir minder geweld en haat en polarisering. Ons kan wyer na ons wêreld kyk en hoop dat daar groter skuiwe kan kom in wêreld politiek en daar deurbrake kan kom dat ons wêreld vir almal ‘n beter plek kan wees, ’n meer vreedsame plek waar mense en kinders in vrede kan leef en floreer.

Of dalk kom jy agter dat daar terreine is waarin jy bang is om te hoop en te droom. Terreine waar jy selfs al ophou droom het juis omdat jy bang is vir teleurstelling en seerkry. Terreine waarin jy al opgegee het en vrede gemaak het dat dit nooit gaan verander nie. Dit mag wees oor sekere verhoudings in jou lewe, dit mag wees oor goed in jouself, dit mag wees oor sisteme waarin jy jou bevind. Hoe ook al…dit kan gebeur dat negatiewe ervarings en skeptisisme ons kan beroof van ons hoop en ons drome.

Waar daar hoop is, is daar lewe, waar daar nie hoop is nie, word lewe doodgedruk. Waar mense kan hoop en droom is daar moontlikhede, is daar passie en energie.

**Dit het my weer laat dink aan die bekende toespraak van Martin Luther King jr** – die bekende Amerikaanse kerkman en vryheidstryder se boodskap op 28 Augustus 1963. In die boodskap het hy vir die mense ‘n prentjie gegee…’n droom oor hoe anders goed kan wees. ’n Amerika waar mense nie volgens velkleur nie, maar volgens karakter beoordeel word. ’n Toekoms waar geregtigheid en gelykheid nie net wette is nie, maar geleefde werklikhede. ’n Hoop dat voormalige vyande saam aan een tafel kan sit. ’n Visie waar vryheid oor die hele land weerklink. Hierdie prentjie het vir soveel mense hoop gebring, iets om aan vas te hou, iets om voor te werk en na te streef – iets om voor te lewe. Hy het mense se verbeelding kom aangryp oor wat kan wees, wat moontlik is.

Ek vemoed dit is hoekom die lied "*Imagine*" van John Lennon so gewild geword het. *"Imagine all the people living in peace."* Dit reflekteer die droom van 'n digter wat smag na 'n vrye wêreld. Die lied word in 1971 vrygestel tydens groot wêreldwye spanning: die Koue oorlog was op sy hoogtepunt, die Vietnam oorlog het voortgeduur en groot protesbewegings aangevuur. Daar was wydverspreide jeugopstande, anti-oorlog betogings en 'n soeke na alternatiewe lewenswyses.

Ons mense het nodig dat in moedelose en hooplose situasies ons verbeelding aangegryp word, ons ander prentjies en moontlikhede kan sien waarna ons kan leef en streef en waarop ons kan hoop.

Dit is juis daarom vir my so betekenisvol dat ons die nuwe jaar kan begin met die teksgedeeltes uit Jesaja. Want wat Jesaja kom doen is om in 'n tyd van Ballingskap, in 'n tyd van moedeloosheid wat die volk beroof is van alles wat bekend is, alles wat hulle s'n is. Beroof van hulle volks-identiteit, beroof van hulle godsdiens-identiteit, wanneer hulle as vreemdelinge in 'n vreemde land sit en die prentjies om hulle heen sonder hoop is*,* dan kom God deur die profeet Jesaja en hy kom gee vir hulle nuwe prentjies, nuwe drome en nuwe moontlikhede van terugkeer, van vrylating van herstel en opbou - die prentjies strek verder as hulle eie gedagtespan en verbeelding.

**Hoe gaan dit gebeur? Hoe gaan die prentjies waar word?** Op hierdie stadium in Israel se geskiedenis was die verwagting dat die Persiese Koning Kores dit moet doen. Jesaja besing sy lof in Jesaja 45. Daar is die verwagting dat sy goedgesindheid hulle sal vrymaak. Hy beskik immers oor die mag en die gesag in dié tyd om goed te laat gebeur.

**Maar dan tussen Jesaja 42-53 kom wys God hoe hierdie drome en prentjies 'n werklikheid gaan word**. Wat sy strategie gaan wees. Dit is nie deur die mag en gesag en invloed van Kores nie.

**Wat doen God om sy drome en sy prentjies werklikhede te maak in hierdie wêreld?**

1. **Hy roep sy dienaars. Sy diensknegte - mense.** Mense wat sy prentjies en drome sien en dit nastreef en volg. Ons sien hierdie strategie van God dwarsdeur die Woord en ons sien die getuienis daarvan in die ganse Geskiedenis. Wanneer God nuwe goed wil laat gebeur dan roep Hy vir Moses, Hy roep vir Dawid, Hy roep vir Maria en Josef, Hy roep 'n klompie eenvoudige vissermanne, Levi die Tollenaar, Saulus wat Paulus word. Hy roep in die geskiedenis mense/sy dienaars wat sy drome vir hierdie wêreld kom leef, nuwe prentjies van hoop kom leef aan dit lyf en lewe gee – dit beliggaam! Mense wat diep in hulleself ontdek wat hulle identiteit, betekenis en roeping is.

2. **Geleerdes verskil oor wie die spesifieke dienskeng is waarvan Jesaja praat.** Sommige dink dit is 'n individu – Jesaja, Jeremia, Esegiël…Ander sê dit was Israel self - die volk van God. Mense wat met die bril van die NT hierna kyk sê dat hier na Jesus verwys word. Walter Brugeman noem baie treffend dat die skrywer dit doelbewus nie spesifiiek maak nie, maar elke hoorder en leser die opening gee om hulself hier te kan inlees.

3. **God roep my en jou…**God roep ons as sy kinders/dienaars, sy kerk, sy volgelinge om te ontdek dat Hy ons gemaak het en ons roep as sy visie draers van sy roeping en sy droom vir die wêreld.

**Wat ons wel weet van die dienaar:**
Dit is iemand wat aan God behoort, wie God ken en oor wie God droom. Dit is iemand wat nie sy/ haar krag vind in hulle

hande van mag en invloed en gesag nie, maar in die mond deur die Woord van God self. *"Hy het my mond soos 'n skerp pyl gemaak en my in die skaduwee van sy hand verberg."*

**So persoon is soms nie so duidelik sigbaar nie, maar soos 'n versteekte wapen**: "Hy het my 'n skerp pyl gemaak en my in sy pylkoker weggesteek". So persoon is 'n wapen wat alleen deur en vir God gebruik word en nie vir eie gewin nie. Die dienaar kry sy/haar krag/gesag alleen uit sy/haar gehoorsaamheid aan God en nie uit eie krag en selfbelang nie.

**En daar waar die dienaar van God leef word 'n donker wêreld lig.** Die effek en die resultaat van die lewe van sulke dienaars van God is dat plekke wat donker is, plekke waar die krag af is laat lig word. Die donker plekke van haat, onreg, geweld, hebsug, selfsug, eksklusiwiteit word in hierdie lig ontbloot deur die lig van liefde en nederigheid en diensbaarheid en inklusiwiteit en openheid. En hierdie lig kring uit en word meer, want die donker kan die lig nie uitdoof nie.

**Wat is jou drome en verwagtinge vir 2026? Waarvoor hoop jy? Vir jouself, vir jou mense, vir ons gemeente en gemeenskap?** Of voel jy ook soos ek soms bang om te droom.
Ek het die week weer gehoor: God droom oor jou en my. God het 'n duidelike prentjie oor ons en oor ons gemeente en gemeenskap. Hy maak van ons sy lig in hierdie wêreld as Hy sê: *"Julle is die Lig vir die wêreld. Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is verheerlik."*
Hy maak van ons 'n rivier van lewende water wat vloei en wyd vertak om nuwe lewe en hoop te bring...

**Ek het 'n droom:**
Ek droom dat ons nasie eendag sal verrys en die ware betekenis van ons leuse sal uitleef: "Eenheid in verskeidenheid".

Ek droom dat elke provinsie in hierdie land, selfs die waar die diepste klowe tussen ras en klas voorkom, omskep sal word in oases van vryheid en geregtigheid.

Ek droom dat my kinders en kleinkinders eendag sal leef in 'n land waar hulle nie beoordeel sal word op grond van hulle velkleur of enige ander onderskeiding nie, maar op grond van die inhoud van hulle karakter.

Ek droom oor 'n wêreld waarin mense weet wanneer genoeg genoeg is en 'n wêreld waarin geen kind honger hoef te gaan slaap nie.

Ek droom oor 'n wêreld waarin mense God in mekaar kan raaksien en mekaar met liefde en respek kan toelaat om vol mens te wees.

Ek droom oor 'n wêreld waarin geen mens in vrees vir hulle lewe hoef te leef nie, waar niemand mekaar met woorde of dade geweld aan doen nie, maar waar mense in vryheid kan floreer.

Ek droom oor 'n wêreld waar die lug blou is en die riviere se water glashelder skoon is. Van 'n wêreld waar van die woude se bome eeue oud is, waar daar nie bedreigde spesies is nie, waar die mens en natuur in harmonie saam leef.

En ek droom dat elkeen van ons en ons as Moedergemeente elke dag deel sal wees van God se droom vir hierdie dorp en gemeenskap van ons.
*"You can call me a dreamer, but I am not the only one"*